9. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KORRESPONDENSIE VAN DIE AGENDA (Artt 6, 7)

A. Ds CA Jansen lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1991:60, 5.4 en Acta 1997:37, 3.3.12.2.

1.1 Uitnodiging aan kerke, instansies en Sinodes om groete oor te bring
1.2 Uitnodiging te rig om afgevaardigdes te stuur
1.3 Uitnodiging te rig om waarnemers te stuur
1.4 Stukke vir die Agenda te ontvang, te orden, persklaar te maak, te laat druk en aan die afgevaardigdes te stuur
1.5 Die vergadering byeen te roep om die programmering van die Agenda te doen
1.6 SAPA en CNW van die Sinodesitting in kennis te stel
1.7 *Benoeming van Deputate*
1.7.1 Verwittig benoeme Deputate van die Sinode van hul benoeming
1.7.2 Benoem Deputate waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen
1.8 Tref reëlings dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Algemene Sinode oorgebring word
1.9 Gaan die Handelinge van die Nasionale Sinode 1997 deur en gee die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur. Die Deputate moet ook die kredensiebrief, soos gereël in Sinode 1991, in orde kry
1.10 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling
1.11 Registrasie van huweliksbevestigers deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom
1.12 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.12 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Uitnodiging na die Sinode*
2.1.1 Groete: Afgevaardigdes van ander kerke sal gereël word om groete oor te bring wanneer die onderskeie Rapporte Ekumenisiteit dien. In die beplanning sal betyds kennis gegee word sodat die wat groeteboodskappe oordra, hulle beplanning kan doen.
2.1.2 Godsdiensoefening: Die afgevaardigdes van Sinode Soutpansberg asook die Rektore van die Teologiese Skool Potchefstroom en die Noordwes Universiteit (Potchefstroom kampus) is uitgenooi na die Godsdiensoefening, maar geleentheid sal ingeruim word gedurende die Sinode om die groete van die vergaderings en instansies oor te bring.
2.1.3 Om afgevaardigdes te stuur (kyk Aanvullende Rapport).
2.1.4 Om waarnemers te stuur: (kyk Aanvullende Rapport).
2.2 *Stukke vir die Agenda*
2.2.1 Die volgende is in kennis gestel van die besonderhede aangaande die oproep na Sinode:
- die Deputate deur die Sinode benoem wat spesifieke opdragte gehad het
- die Kuratorium van die Teologiese Skool
- die Streeksinodes.

Die volgende inligting is gegee:
2.2.1.1 Keerdatum vir Rapporte
- vir Agenda - 30 Junie 2011.
- vir die Aanvullende Agenda - 1 November 2011.

2.2.1.2 Keerdatum vir stukke van die Streeksinodes – 7 dae na afloop van Streeksinode vergaderings.
2.2.1.3 Inligting oor wat in die Aanvullende Agenda opgeneem mag word (Acta 1967:39, 6 en 7).
2.2.1.4 Riglyne vir die opstel van die Rapporte (Acta 1991:57, 4.4 en 59, 5.3.4).
2.2.2 Kennisgewing in *Die Kerkblad*: Bogenoemde inligting is in *Die Kerkblad* van Februarie 2011 gepubliseer.
2.2.3 Die Agenda vir die afgevaardigdes van die Streeksinodes is direk aan elke Streeksinode gestuur sodat dit aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel kan word. 'n Agenda is ook aan elke Kerkraad gestuur.
2.3 *Benoeming van Deputate deur die Streeksinodes:* Die Streeksinodes is versoek om:
2.3.1 Die Deputate vir Programmering te benoem: ooreenkomstig besluit van Sinode 1976, art 12 is die Deputate van oordeel dat die hele Sinode nie in Kommissies ingedeel word nie. Om koste te bespaar het die Deputate slegs kundigheid as maatstaf gebruik om 4 Kommissies aan te wys: Ordekommissie, Beswaarskrifte, Appèlle, Finansies en Aanwys Deputate. Vir al die ander sake sal Kommissies aanbeveel word wat as ad hoc-kommissies beskikbaar sal wees, indien vereis. Programmering word beplan vir Vrydag 2 Desember 2011 om 09:00.
2.3.2 Benoeming vir Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte: In terme van die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal (Acta 1991:539/540, 22.19) is die Streeksinodes ook versoek om een Deputaat te benoem. Hierdie Deputate vergader 2 Desember 2011 om 09:00.
2.4 *Persverklaring*: Persverklarings word nie meer opgestel nie, maar 'n kennisgewing word aan Nuus24 (Neels Jackson) uitgestuur.
2.5 *Persvrystelling:* Die Agenda word op versoek beskikbaar gestel met die voorbehoud dat dit nie publiek openbaar gemaak word, alvorens die Sinode gekonstitueer het nie. (Acta 2009:20–21).
2.5.1 Motivering
2.5.1.1 Hierdie sake is reeds bekend vanuit die opdragte van Sinode 2009.
2.5.1.2 Predikante en ouderlinge word afgevaardig en behoort dus wat hierdie sake betref, betyds voorbereid te wees.
2.6 *Benoeming van Deputate:* Die Deputate het die volgende gedoen:
2.6.1 Al die Voorsitters van Deputate soos deur die Sinode aangewys, kennis gegee van die benoemings. Opdragte soos by die benoemings aangegee, is aan die Voorsitters deurgegee.
2.6.2 Deputate benoem waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen: Geen gevalle het voorgekom nie.
2.7 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling: Die Administratiewe Buro hanteer die saak op 'n deurlopende basis deur nuusberigte aan RSG en Radio Pretoria.
2.8 Registrasie van huweliksbevestigers deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom: Die opdrag word op 'n deurlopende basis uitgevoer.
2.9 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer. Die opdrag word op 'n deurlopende basis uitgevoer.
2.10 Finansies: Die Agenda en Aanvullende Agenda is deur die Administratiewe Buro saamgestel, en deur V+R-drukkery gedruk en gebind. Die koste daarvan is teen die begroting vir die Sinodekoste gedebiteer. Om koste bespaar is dit in 'n A5-formaat gedupliseer.
2.11 Kommissierapporte en Notule: Om die Handelinge maklik saam te stel word versoek dat dieselfde verwysings gebruik word soos wat dit in die Agenda en Aanvullende Agenda aangegee word, bv. Agenda = A, en Aanvullende Agenda = AA. Gestel die Rapport van die Deputate vir Emeritaatsversorging is in die Agenda 12.1, dan sal dit in die AA ook 12.1 wees. Die Kommissie rapporteer en verwys na A12.1 en AA12.1. In die Notule word dan by elke artikel die saak ook so aangegee, nl.:

Artikel 26
A 12.1 Rapport Deputate vir Emeritaatsversorging
AA 12.1 Aanvullende Rapport…….
Besluit: ……..……..

Dit sal veroorsaak dat regstellings maklik op die woordverwerker aangebring en die besluite daaroor ingevoeg word. 'n Kronologiese lys van artikels word gegee en 'n indeks saamgestel.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.11 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1 Die opdrag (in 1.8) "tref reëlings dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word", word verander:

3.1.1 die opdrag word aan die Deputate Ekumenisiteit Binnelands oorgedra.

3.1.2 Nasionale Sinode verander na "Algemene Sinode"

3.2 Dat Rapporte van Deputate in die toekoms 3 maande voor die aanvang van die Sinode, elektronies aan alle Kerkrade uitgestuur word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.2 goedgekeur.

D. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Groeteboodskappe ontvang vir die amptelike opening*

Die volgende persone het groeteboodskappe gestuur wat in die Handelinge opgeneem sal word:

- Groeteboodskap van die Afrikaanse Protestantse Kerk

1.2 *Uitnodiging om 'n afgevaardigde te stuur*

Aan die volgende kerke is uitnodigings gerig:

- Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland
- The Reformed Church in Japan
- Christian Reformed Churches of Australia
- Christian Reformed Church in North America
- Eglise Reformée Confessante au Congo
- Free Church of Scotland
- Free Church of Scotland [continuing]
- Gereformeerde Kerk Botswana
- Gereformeerde Kerke Nederland (Vrijgemaakt)
- Nederlands Gereformeerde Kerken
- Orthodox Presbyterian Church of America
- Reformed Churches of New Zealand
- The Presbyterian Church in Korea
- United Reformed Churches in North America

1.3 *Uitnodiging om 'n waarnemer te stuur*

Aan die volgende kerke is uitnodigings gerig:

- Free Church in SA
- Lank Reformed Church
- Prebyterian Church of America
- Vrye Gereformeerde Kerke in SA
- Presbyterian Church in Western Australia
- United Church in the Congo
- Reformed Church of East Africa – Kenia
- African Evangelical Presbyterian Churches
- Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australia
- Afrikaanse Protestantse Kerk
- Nederduitse Gereformeerde Kerk

- Nederduitsch Hervormde Kerk

1.4 *Uitnodiging as gaste om Sinode by te woon*

- Igreja Presbiteriana do Brasil [IPB]

1.4.1 Geen antwoord is van die volgende ontvang nie:

Afgevaardigdes

- Christian Reformed Church in North America
- Free Church of Scotland
- Free Church of Scotland [continuing]
- Nederlands Gereformeerde Kerken
- Orthodox Presbyterian Church of America
- Reformed Churches of New Zealand

Waarnemers

- Free Church in SA
- Lank Reformed Church
- Prebyterian Church of America
- Vrye Gereformeerde Kerke in SA
- United Church in the Congo
- African Evangelical Presbyterian Churches

1.5 *Benoemings van Streeksinode*

1.5.1 Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte

Die volgende benoemings is ontvang en aan die voorsitter, ds PA Coetzee deurgegee:

Bosveld	Ds HJP de Beer
Noordwes	Ds PA Coetzee
Oostelike	Ds PW Kurpershoek
Vrystaat en KwaZulu-Natal	Dr RM van der Merwe
Pretoria	Dr GJ Meijer
Randvaal	Ds FM Dreyer
Suidelike	Ds H Reinecke

Die ander lid benoem deur Sinode 2009 is dr RM van der Merwe.

1.5.2 Deputate vir Programmering

Die volgende benoemings is ontvang en aan die voorsitter, ds LH van Schaik deurgegee:

Bosveld	Ds SP Venter
Noordwes	Ds W Vogel
Oostelike	Di CA Jansen en GC Coetzee
Pretoria	Dr PH Heystek
Randvaal	Dr D Lartz

Die ander lid benoem deur Sinode 2009 is ds CA Jansen.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5.2 kennis geneem.